



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## FEBRUARIE/MAART 2014

## MEMORANDUM

**PUNTE: 80**

**Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word NIE gepenaliseer NIE, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee ŉ volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is ... .
- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee ŉ hele reeks:
  - sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
  - indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien ŉ antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

**VRAAG 1**

**TEKS A: WAT JY OOR BOELIES MOET WEET**
[Verwerk uit: *Huisgenoot* ,13 September 2012]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.1 | ŉ Boelie probeer jou seermaak. | 1 | 2 | 1 | 1 |
| | | | | | |
| 1.2 | • C<br>• C slaan ander mense<br>• slaan ander mense<br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 1 | 2 |
| | | | | | |
| 1.3.1 | Dis iemand na wie jy opsien/iemand wat vir jou ŉ voorbeeld stel✓wat jou wys dat dit reg is om probleme met bakleiery op te los/om bakleierig op te tree.✓<br>(Kandidate moet albei woorde verduidelik./Kan in EEN sin aangebied word. Woorde kan as geheel of afsonderlik verduidelik word.)<br>(Of soortgelyk) | 2 | 2 | 1 | 2 |
| | | | | | |

Kopiereg voorbehou

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.3.2 | • ŉ Boelie leer nie hoe om sy eie woede te hanteer nie.✓<br>• ŉ Boelie leer nie hoe om probleme sonder geweld op te los nie.✓ | 2 | 2 | 2 | 1 |
| | | | | | |
| 1.4.1 | Figuurlik. | 1 | 2 | 2 | 3 |
| 1.4.2 | • Boelies verneder ŉ mens.<br>• Boelies laat ŉ mens voel dat jy niks werd is nie.<br>(Of soortgelyk – dit moet duidelik blyk wat "kleiner" impliseer.) | 1 | 2 | 2 | 3 |
| | | | | | |
| 1.5 | • ŉ Boelie vat dikwels ander se besittings.<br>• ŉ Boelie breek ander se besittings. | 2 | 2 | 1 | 1 |
| | | | | | |
| 1.6 | Vandag word boodskappe per selfoon/Mxit/ WhatsApp versprei. ✓<br>In die verlede het boelies briefies in die klas rondgestuur.✓ | 2 | 2 | 1 | 2 |
| | | | | | |
| 1.7.1 | Onwaar. | 1 | 2 | 3 | 2 |
| 1.7.2 | • Jy moenie terugskree/slaan/of lelike dinge sê as die boelie dit aan jou doen nie.<br>• Sê vir die boelie om op te hou.<br>• Vermy/ignoreer die boelie. | 1 | 2 | 3 | 2 |
| | | | | | |
| 1.8 | Dit kan jou beter laat voel om daaroor te skryf.✓<br>Jy kan al die inligting as bewys teen die boelie gebruik.✓ | 2 | 2 | 1 | 1 |
| | | | | | |
| 1.9 | Sulke kinders kan selfmoord pleeg. | 1 | 2 | 2 | 1 |
| | | | | | |
| 1.10 | Die prentjie gee die indruk dat net seuns boelies is. | 1 | 2 | 2 | 3 |
| | | | | | |
| 1.11 | Die inligting word deur navorsing/sielkundiges/ onderwysers ondersteun. | 1 | 2 | 2 | 3 |
| | | | | | |
| 1.12 | • ŉ Boelie kan dalk besef dat sy/haar gedrag ander mense seermaak.<br>• ŉ Boelie kan dalk leer waarom hy/sy hom/haar só gedra.<br>• ŉ Boelie kan dalk besef wat die gevolge van sy/haar gedrag kan wees.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 2 | 1 | 3 |
| | | | | | |
| | **SUBTOTAAL: 20** | | | | |

**VRAAG 1**

**TEKS B: GRAFIESE VOORSTELLING**
[Verwerk uit: *Huisgenoot,* 15 November 2012]

| **VRAAG** | **MEMORANDUM** | **PUNT** | **LU** | **AS** | **DENK-VLAK** |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.13 | Ses/6 jaar | 1 | 2 | 1 | 2 |
| | | | | | |
| 1.14 | Katrina | 1 | 2 | 1 | 2 |
| 1.15.1 | • *Katrina* se vloedgolwe was hoër✓ as *Sandy* s'n.✓<br>• *Katrina* se vloedgolf was 5,8m hoër✓ as *Sandy* s'n. ✓<br>• *Katrina* se vloedgolf was 8.2m hoog✓ en *Sandy* se vloedgolf was 2.4m hoog.✓<br>(Enige EEN) | 2 | 2 | 1 | 3 |
| | | | | | |
| 1.15.2 | R134.5 biljoen (se skade) | 1 | 2 | 1 | 3 |
| | | | | | |
| 1.16 | • 70% van die mense in Jamaika was sonder elektrisiteit.<br>• Die statistiek sê 70%.<br>(Antwoord moet in 'n volsin wees.) | 1 | 2 | 1 | 3 |
| | | | | | |
| 1.17 | • Die selfoontorings is verwoes.<br>• 'n Kwart van die selfoontorings is verwoes.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 1 | 3 |
| | | | | | |
| 1.18 | • Daar was 'n noodnommer wat die mense kon skakel.<br>• 50 000 mense per halfuur het die noodlyn gebel.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 1 | 1 |
| | | | | | |
| 1.19 | • Dit trek dadelik die leser se aandag.<br>• Dit laat die leser besef hoe erg die skade was.<br>• Die feite skok die leser.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 2 | 1 | 5 |
| | | | | | |
| 1.20 | • Die visuele teks is makliker om te lees.<br>• Dit maak die inligting interessant.<br>• Dit help die leser om die inligting maklik te vergelyk.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 2 | 2 | 5 |
| | **SUBTOTAAL: 10** | | | | |
| | **TOTAAL AFDELING A: 30** | | | | |

## AFDELING B: OPSOMMING

**ALGEMEEN**

- Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne (eerste 75 woorde) van hierdie paragraaf nagesien.
- Lees die hele opsomming om ŉ geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Kandidate hoef nie ŉ TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Nasieners tel die getal woorde indien die opsomming te lank lyk.
- Indien die kandidate se opsomming te lank is (meer as 70 woorde), word 5 ekstra woorde toegelaat en die res van die opsomming word nie nagesien nie.
- Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

**ALGEMEEN**

**SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)**

| | |
|---|---|
| **Feit** | 7 |
| **Taal** | 3 |
| = | 10 |

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE**

| **Die hoofgedagte kan in ŉ volsin of in ŉ sinsnede aangebied word, solank dit sinvol is.** | **PUNTE** |
|---|---|
| 1 – 3 feite korrek | 1 |
| 4 – 5 feite korrek | 2 |
| 6 – 7 feite korrek | 3 |

**VRAAG 2**

**TEKS C: ’n SUKSESVOLLE WERKSONDERHOUD**
[Verwerk uit: *www.pietventer.ciskanol.com*]

| Direkte aanhaling | Moontlike verwerking |
|---|---|
| Enige mens is senuweeagtig as jy vir ’n onderhoud moet gaan. Gelukkig is daar 'n paar wenke om te onthou wat kan help dat die onderhoud baie goed verloop. | |
| **Begin deur soveel moontlik oor die maatskappy uit te vind, soos byvoorbeeld hoe groot die maatskappy is en hoe goed die maatskappy presteer.** Die internet is ’n waardevolle bron om inligting oor ’n maatskappy te kry. | 1. Vind soveel moontlik oor die maatskappy uit/hoe groot die maatskappy is/hoe goed die maatskappy presteer (deur die internet te gebruik). |
| Onthou die uitdrukking, die vere maak die voël. **Dié uitdrukking beteken dat jou klere iets oor jou sê. Maak seker jy is netjies aangetrek as jy vir ’n onderhoud gaan.** | 2. Jou klere moet die regte dinge oor jou sê./Trek netjies vir die onderhoud aan. |
| **Groet die persoon wat jou ontvang, vriendelik**. Jy sal verbaas wees hoeveel mag dié persoon dalk oor die direkteur van die maatskappy het. Die persoon wat jou ontvang, het dalk nie die mag om die besluit oor jou pos te neem nie, maar **dit sal goed wees om op die regte voet te begin**. | 3. Groet die ontvangspersoon vriendelik./ Begin op die regte voet met die persoon wat jou ontvang. |
| Wie sal ooit beïndruk word deur iemand wat laat vir ’n onderhoud opdaag? **Daag ’n kwartier voor die onderhoud op**. **Dit sal jou tyd gee om te ontspan voordat die onderhoud begin**. Die direkteur sal jou baie vrae vra. **Jy moet ook jou eie vrae voorberei om te vra, want dit sal wys dat jy inisiatief het en geïnteresseerd is om meer oor die pos uit te vind.** **Maak seker dat jou liggaamstaal ’n positiewe indruk skep.** Dit sal die direkteur ’n idee gee van die tipe persoon wat jy is. **As jy onseker oor enige vraag is, vra vir ’n verduideliking**. 'n Verkeerde antwoord kan ’n negatiewe indruk skep. | 4. Wees ’n kwartier voor die tyd daar./ Ontspan voordat die onderhoud begin.<br>5. Jy moet ook jou eie vrae voorberei om vir die direkteur te vra./ Wys jy het inisiatief/is geïnteresseerd deur jou eie vrae voor te berei.<br>6. Jou liggaamstaal moet ’n positiewe indruk op die direkteur maak.<br>7. As jy ’n vraag nie verstaan nie, moet jy vra dat hy/sy dit vir jou verduidelik./ Maak seker jy verstaan die vraag wat gevra word. |
| Volg hierdie wenke en jou onderhoud sal suksesvol wees. | |
| | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

**AFDELING C: TAAL**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

**WOORDSTRUKTURE**
- Spelling moet korrek wees om punt te verdien.
- Die standaardvariant geld.

**SINSTRUKTURE**
- Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, moet die hele sin uitgeskryf word.
- LET WEL: Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed.

**VRAAG 3**

**TEKS D: ADVERTENSIE**
[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 15 November 2012]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.1 | By RCS/ die RCS-groep. | 1 | 2 | 6: Advertensietegniek: Klein skrif belangrik. | 3 |
| 3.2 | • Dit wek belangstelling.<br>• Dit laat die leser betrokke voel.<br>• Dit trek die leser se aandag.<br>• Die antwoord is vanself-sprekend.<br>• Dit bevestig die feit dat ’n lening nodig is.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 2 | 6: Advertensietegniek: identifiseer en bepaal die waarde van die retoriese vraag. | 3 |
| 3.3 | • Die rentekoers is bekostigbaar.<br>• Daar is maklike opsies vir terugbetaling.<br>• Jy kry ’n gratis boeksak met elke lening.<br>• Die leser staan ’n kans om ’n skootrekenaar te wen.<br>(Enige TWEE) | 2 | 2 | 6: Identifiseer oorredingstegnieke. | 1 |
| 3.4 | • Mense wat (wil) studeer.<br>• Studente.<br>• Leerders/leerlinge wat lenings benodig.<br>• Ouers wie se kinders gaan studeer.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 3: Advertensietegniek. Om te bepaal of die leerder die konteks van die advertensie verstaan. | 3 |

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.5 | • A<br>• A bekostig<br>• bekostig<br>(Enige EEN) | 1 | 4 | 1: Korrekte verklaring van idiome. | 2 |
| 3.6 | jou | 1 | 4 | 1: Gebruik persoonlike voornaamwoorde korrek. | 1 |
| 3.7 | wanneer | 1 | 4 | 1: Identifiseer spelfout. | 1 |
| 3.8 | swot | 1 | 4 | 3: Identifiseer slengwoorde. | 2 |
| 3.9 | ska-kel | 1 | 4 | 1: Verdeel die woord in lettergrepe. | 1 |
| **SUBTOTAAL: 10** | | | | | |

**VRAAG 4**

**TEKS E: STROKIESPRENT**
[Verwerk uit: *Beeld*, 15 November 2012]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 4.1 | bestuur | 1 | 4 | 1: Identifiseer die korrekte werkwoord om in te vul. | 1 |
| 4.2 | stokoud | 1 | 4 | 1: Gebruik die intensiewe vorm korrek. | 1 |
| 4.3 | In raampie 1 is die vrou neerhalend/beskuldigend/meerder-waardig.✓<br>In raampie 2 is die vrou ongelukkig/vies/bekommerd/ ernstig.✓ | 2 | 2 | 2: Houding – tegnieke in ’n strokiesprent. | 3 |
| 4.4 | motor | 1 | 4 | 1: Gebruik ’n sinoniem korrek. | 1 |
| 4.5 | • D<br>• D humoristies<br>• humoristies<br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 1: Lei betekenis van beelde, ens. af | 3 |
| 4.6 | Die man sê dat **hy**✓ nie (hou) van daardie opmerking (hou) nie.✓<br>(Een punt vir korrekte voornaam-woord.<br>Een punt vir korrekte woordorde.) | 2 | 2 | 1: Gebruik die indirekte rede korrek. | 2 |
| 4.7 | jaarliks | 1 | 4 | 2: Gee een woord vir ’n beskrywing. | 1 |

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 4.8 | seksisties | 1 | 2 | 2: Kritiese taalbewustheid: Identifiseer seksisme. | 2 |
| | | | | | |
| **SUBTOTAAL: 10** | | | | | |

**VRAAG 5**

**TEKS F: ARTIKEL EN PRENT: INTERESSANTE FEITE OOR SOEN**
[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 23 Februarie 2012]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.1 | feite | 1 | 4 | 1: Identifiseer die spelfout en skryf korrek oor. | 1 |
| 5.2 | • Wie het snaakse dinge geglo?<br>• Watter nasie het snaakse dinge geglo?<br>(Vraagwoord en vraagteken moet korrek wees.) | 1 | 4 | 2: Verander ŉ stelsin in ŉ vraagsin. | 2 |
| 5.3 | • Hulle het gesê: "Jy moet ŉ donkie op sy neusgat soen."✓✓<br>• Hulle het gesê:"Soen ŉ donkie op sy neusgat." ✓✓<br>(Enige een)<br>(Een punt vir leestekens.<br>Een punt vir korrekte woordorde.) | 2 | 4 | 2: Gebruik direkte rede korrek. | 2 |
| 5.4 | • Hierdie klip word (deur duisende mense) gesoen.<br>• Hierdie klip word gesoen (deur duisende mense).<br>(Enige EEN) | 1 | 4 | 2: Gebruik passiewe vorm gepas en korrek. | 2 |
| 5.5 | leiers | 1 | 4 | 1: Identifiseer die korrekte homofoon. | 1 |
| 5.6 | soentjie | 1 | 4 | 1: Gebruik die korrekte verkleiningsvorm. | 1 |
| 5.7 | Hierdie tradisie het geluk gebring. | 1 | 4 | 2: Gebruik verlede tyd korrek. | 2 |
| 5.8 | Jy moet gesoen word; dan sal jy definitief ŉ troumaat kry. | 1 | 4 | 2: Gebruik voegwoord groep 2 korrek. | 2 |
| 5.9 | In Duitsland mag jy (nie) ŉ vreemdeling (nie) soen nie. | 1 | 4 | 2: Gebruik ontkennende vorm korrek. | 2 |
| 5.10 | Jy behoort net jou familie te soen. | 1 | 4 | 2: Gebruik die infinitief korrek. | 2 |
| 5.11 | vreemdste | 1 | 4 | 1: Gebruik die oortreffende trap korrek. | 1 |

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.12 | Sjimpansees soen mekaar dikwels sag op die mond om hulle liefde te bewys. | 1 | 4 | 2: Gebruik die korrekte woordorde. | 1 |
| 5.13 | goeie | 1 | 4 | 2: Gebruik byvoeglike naamwoord korrek. | 2 |
| **SUBTOTAAL:** | **14** | | | | |

**VRAAG 5**

**TEKS G: PRENT: DIS TYD OM TE SPEEL!**
[Uit: *Vrouekeur*, 16 November 2012]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.14 | spelende | 1 | 4 | 3: Gebruik woordeboek (byvoeglike naamwoord) korrek. | 2 |
| 5.15 | spelerig | 1 | 4 | 3: Gebruik woordeboek (bywoord van wyse) korrek. | 2 |
| 5.16 | speletjie | 1 | 2 | 3: Gebruik woordeboek (selfstandige naamwoord) korrek. | 2 |
| 5.17 | speel-speel | 1 | 2 | 3: Gebruik woordeboek (bywoord van wyse) korrek. | 2 |
| 5.18 | verspeelde | 1 | 4 | 3: Gebruik woordeboek (deelwoord) korrek. | 2 |
| 5.19 | gespeel | 1 | 4 | 3: Gebruik woordeboek (werkwoord –verlede tyd) korrek. | 2 |
| **SUBTOTAAL: 6** | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | **TOTAAL AFDELING C: 40** |
| | | | | | **GROOTTOTAAL: 80** |

Kopiereg voorbehou